# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 335 · 5 APRIL 2024**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za


## PUIK UITSLAE BY ASA-KAMPIOENSKAPPE

**2 GOUE MEDALJES**
**2 SILWER MEDALJES**

Framesby Atlete ryg die medaljes by ASA Jeug en Junior Atletiekkampioenskappe in.

Hoërskool Framesby se atlete het die een na die ander skittervertonings tydens die ASA-Jeug en Junior Atletiekkampioenskappe in Pretoria gelewer. Dié 15 atlete het weggestap met 2 goue en 2 silwer medaljes, sowel as 3 OP-rekords. Daar is ook baie persoonlike beste prestasies tydens die kampioenskappe gelewer.

Kayden Thoressen het 2 goue medaljes vir S/16 in onderskeidelik die Paalspring (4.10m)en Driesprong (13.12m) items gewen. Hy het ook in beide van hul nuwe OP rekords opgestel. Lincoln Kunneke en JJ de Lange het die silwer medaljes in onderskeidelik die S/16 Hamergooi (53.31m) en S/18 Paalspring (4.00m) items ingepalm.

Tiané Slabbert het ook 'n nuwe OP-rekord met haar sprong van 2.90m in die D/16 Paalspring opgestel.

Die res van die atlete het as volg presteer:
5e - Inge van Eyk - D/20 Paalspring
5e - Tiané Slabbert - D/16 Paalspring
6e - Minke van der Merwe - D/16 Verspring
9e - Bjorn Visser - S/16 Hamergooi
11e - Micaela Potgieter - D/16 Paalspring
11e - Jano Janse van Vuuren - S/16 Verspring
12e - Minke van der Merwe - D/16 Hoogspring
16e - Juané Deysel - D/16 Verspring
21e - Elmé Vermaak - D/16 1500m Hindernis
21e - Kylie Klaasen - D/18 Driesprong
24e - Stefan Boshoff - S/16 1500m Hindernis
Dallian Oerson - S/18 1500m - 13e in uitdun
Juané Deysel - D16 90m Hekkies - 4e in uitdun
Kayla du Preez - D16 100m - 8e in uitdun







## 'N EERSTE VIR FRAMESBY! KULTUURHOOF VANAF 1 JULIE 2024.


**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR: SUNRIDGE VILLAGE**


RUGBY-AAND
MET
VICTOR MATFIELD, DANIE ROSSOUW
EN WYNIE STRYDOM
FONDSINSAMELING VIR DIE
FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST
17 APRIL 2024
18:00 VIR 18:30
KOM KUIER SAAM IN DIE KOSBLIK!
BESPREEK NOU U PLEK.
BEPERKTE AANTAL KAARTJIES!
160 ENKEL KAARTJIES BESKIKBAAR
R500 PER KAARTJIE
OUERS, KOM ONDERSTEUN DIE GELEENTHEID.
SLUIT IN:
KAASBORD
HOOFGEREG:
TOSKAANSE HOENDERDIS MET GROENTE EN RYS.
GEROOSTERDE LENDESKYF OP SOETPATAT PUREE.
KONTAK VIR:
KONTANTKROEG
GEEN 0/18'S
BESPREKINGS: MEV. YOLANDI FOURIE BY
083 438 3636 | FOS@FRAMESBY.CO.ZA
Hoërskool Framesby




**Marion Holm, Margit Meyer-Rödenbeck,**
**Ilne Fourie, Neels Coetzee**

**Teks:** Ilne Fourie **Regie:** Gideon Lombard

# 09 APRIL 2024 OM 19:00

## BEPERKTE AANTAL KAARTJIES BESKIKBAAR OP WEBTICKETS.

In samewerking met:

   

LAERSKOOL NOORD se leuse is KYK NOORD EN STOOT VOORT, maar in hierdie lekker lag produksie is dit alles behalwe die geval. Drie onderwyseresse beplan 'n verrassingsafskeidspartytjie vir hul skoolhoof se aftrede. Tussendeur die netbaljuffrou, Zelda de Wet, se vreeslose fluitjie, Bets du Preez se dramatiese deurmekaar administrasie en kaftans en sorglose Marietjie wat probeer om die wit vlaggie van vrede te laat wapper en seëvier, met haar glitter stickertjies en sticky notes, is hierdie personeelkamer 'n tikkende tydbom. En boonop gaan Meneer enige oomblik aankondig wie by hom oorneem as die nuwe hoof van Laerskool Noord. Kan dit een van hulle wees?

LAERSKOOL NOORD is 'n komiese kykie na wat werklik agter die swartbord gebeur. Skrywer, Ilne Fourie, bekend vir haar RSG-radiodramas, kleur met haar tong-in-die-kies humor en pittige waarnemingsvermoë hierdie karakters so in dat iedereen van ons sonder twyfel een van ons oud-onderwyseresse sal herken.

# BEKENDES OOR LAERSKOOL NOORD

ANNA DAVEL:

"Ek was lus om te lag en te vergeet van alles wat mal is om my. Dit is presies wat 'Laerskool Noord' vir my was. 'n Wegkomkans oftewel 'n kort vakansie, waar ek soos 'n kind kon lag uit my maag sonder inhibisies. Jy sal elke karakter herken of dalk ietsie van jouself in elkeen herken. Die dinge wat ons almal so menslik en uniek maak. Gaan kyk dit net. Dit sal jou hart en siel goed doen.'

FRANK OPPERMAN:

Vier uitstekende akteurs op die verhoog. Dit is groot pret.

ALBERT MARITZ:

Die play is soos 'n glad geoliede masjien tussen 3 tegnies uitstekende aktrises, wat 'n storie vertel,wat tot groot vermaak van die gehoor, bietjie die omstandighede wat almal maar goed binne in 'n skool tussen 'n klein groepie onderwysers, vir ons wys soos wat dit plaasvind. As 'n mens suiwer gesinsvermaak soek- defnitief- maar met 'n klein bietjie waarheid, wat 'n mens aanraak. Met 'n gelukkige einde: hoe is die lewe dan nou sleg as dit so is.

WIM VORSTER

'Laerskool-Noord'wat klink soos 'n venue maar inderwaarheid die titel van Ilne Fourie se toneelstuk is, is by uitstek die heel beste en heel snaaksste komedie (l.w. dis komedie, nie oor-die-stoele-val klug nie) 'n Drietal onderwyser(esse) is in die personeelkamer om die hoof se verrassing-afskeidsparty te bespreek. Die hoof (Neels Coetzee) maak ook dan en wan per zoom sy verskyning. Dis vlymskerp dialoog, met al drie aktrises, t.w. Ilne self, Margit Meyer-Rödenbeck en Marion Holm wat puik vertolkings lewer, tydsberekning ken en werklik karakteriseer. Brava, dames en bravo heer en insgelyks regisseur Gideon Lombard.

# RUGBY SKITTER BY KEARSNEY TOERNOOI

**Kearsney Easter Rugby Festival (Kearsney College)**
Donderdag, 28 Maart:
Blokke 18 - 17 Kearsney College

Saterdag, 30 Maart:
Blokke 17 - 22 Monument

Maandag, 1 April:
Blokke 36 - 34 Worcester Gimnasium

**Kwagga Junior Rugbyweek (George)**
Donderdag, 21 Maart:
14A Framesby 0 - 34 Transvalia
15A Framesby 28 - 12 Transvalia

Saterdag, 23 Maart:
14A Framesby 3 - 17 Waterkloof
15A Framesby 7 - 17 Garsfontein

Maandag, 25 Maart:
14A Framesby 7 - 24 Bellville
15A Framesby 5 - 24 Stellenberg

**Jean de Villiers Rugbyweek (Paarl)**
Donderdag, 21 Maart:
16A Framesby 3 - 53 Boland Landbou

Saterdag, 23 Maart:
16A Framesby 20 -19 Diamantveld

Maandag, 25 Maart:
16A Framesby 0 - 52 Monument









SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# NETBAL SKITTER BY WATERKLOOF TOERNOOI




vs Windhoek Hoërskool wen 16-6
vs Waterkloof 2 wen 80-8
vs Helpmekaar wen 17-16
vs Oos Moot wen 23-7
vs Eldoraigne wen 24-17
cs Witterberg verloor 14-15
vs Westvalia wen 22-10
vs Waterkloof 1 verloor 19-26
vs Kemptonpark wen 18-8
vs La Rochelle meisies 9-111 stop weens reën
vs Windhoek privaat wen 18-12
vs Randpark High wen 13-5




vs Windhoek privaat wen 24-6
vs Westvalia wen 24-6
vs Waterkloof 1 verloor 8-28
vs Helpmekaar wen 16-13
vs Eldoraigne wen 20-19
vs Klerksdorp wen 25-11
vs Gerrit Maritz wen 24-4
vs Oos Moot verloor 13-22
vs Sentraal verloor 18-24
vs Ligbron wen 22-10
vs Windhoek Privaat wen 22-12
vs Centurion wen 22-11




vs Oos Moot wen 25-13
vs Sentraal wen 22-12
vs Westvalia wen 28-9
vs Bergsig wen 28-13
vs Klerksdorp gelykop 18-18
vs Helpmekaar wen 28-16
vs Parel Vallei wen 24-19
vs Eunice wen 33-9
vs Kemptonpark wen 22-18
vs Waterkloof 1 verloor 19-24
vs Eldoraigne wen 24-15
vs Witteberg wen 26-10




vs Sentraal wen 25-20
vs Windhoek wen 29-15
vs La Rochelle wen 27-21
vs Eldoraigne wen 26-15
vs Witteberg wen 25-10
vs Westvalia wen 18-15
vs Waterkloof wen 26-22
vs Klerksdorp wen 22-11
vs Eunice wen 24-16
vs Jeugland wen 39-4
vs Windhoek Privaat wen 34-9
vs Kemptonpark wen 33-10

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7




vs Oos Moot wen 15-14
vs La Rochelle meisies verloor 14-18
vs Waterkloof wen 17-14
vs Kemptonpark wen 25-9
vs Jeugland wen 27-5
vs Bergsig wen 30-12
vs Windhoek Privaat wen 23-15
vs Windhoek wen 31-9
vs Eunice wen 24-16
vs Parel Vallei wen 24-13
vs Sentraal wen 16-8



**FRAMESBY WEN 'N ALGEHELE 86,44% VAN HUL NETBALWEDSTRYDE BY WATERKLOOF NETBALTOERNOOI.**

**Die volgende leerders is tot die All Star-span verkies:**
**Juniors: Emma Botha o.14**
**Seniors: Inge van Eyk o.19**





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

*Hoërskool Framesby se*

# AFRIKAANSE VAKSPAN

*Die pasaangeespan*



J. SCHOEMAN



R. STOLTZ



M. CRONJE



H. STRAUSS



C. VOSLOO-POTGIETER



I. LOUW



S. VAN EYK



L. VAN ROOYEN



H. STRYDOM



S. HAVENGA

*183 jaar gesamentlike ondervinding*



## Het jy geweet?

28 A-GEMIDDELDES IN 2023 GR. 12-EINDEKSAMEN EN 100% SLAAGSYFER.

IN 58 JAAR VAN SKOOL SE BESTAAN SLEGS 1 JAAR NIE 'N 100% SLAAGSYFER NIE.

EKSTRA KLASSE EN PERSOONLIKE AANSLAG

TWEE MODERATORE EN TWEE EKSAMINATORE

MERKERS BY NSS

2DE JAAR IN 'N RY TOEKENNING DEUR NMB-DISTRIK AS TOPPRESTERENDE SKOOL IN AFRIKAANS HUISTAAL.

# HOKKIE VAAR PUIK BY UNION-TOERNOOI

1ste dogters
Union Toernooi

vs Riebeek wen 8 - 0
vs Burgersdorp wen 8 - 0
vs DSG 2 wen 1 - 0
vs Volkskool 0 - 0

Semifinaal
vs Westering verloor 0 - 1

3/4 plek
vs Jim Fouche wen 3 - 0

Wen 4
Verloor 1
Gelykop 1
Eindig derde



# SWEMUITSLAE:

Kaitlynne Horne verower nog twee goue medaljes by die SANJ-Kampioenskappe. Sy behaal 1ste plekke in beide die 800m en 1500m-vryslag.

Anri de Beer (gr. 11) het tydens die afgelope swemseisoen gekwalifiseer om aan die Suid-Afrikaanse Level 3 Streekskampioenskappe (een van Swem Suid-Afrika se seisoen-eind galas) deel te neem. Die gala het vanaf 21 - 24 Maart 2024 by die Joan Harrison swembad in Oos-Londen plaasgevind. Anri het, ten spyte van 'n stormsterkte wind, daarin geslaag om 4 persoonlike beste tye en 1 seisoen beste tyd, te swem. Sy het ook medaljes gewen in al 9 individuele items waaraan sy deelgeneem het (3 goud, 5 silwer en 1 brons).
Haar uitslae is as volg:
50 m Vryslag (1ste plek & PB)
50 m Rugslag (1ste plek & Seisoen beste tyd)
50 m Vlinderslag (1ste plek & PB)
100 m Rugslag (2de plek)
100 m Vlinderslag (2de plek)
200 m Vryslag (2de plek & PB)
200 m Rugslag (2de plek)
400 m Vryslag (2de plek)
100 m Vryslag (3de plek & PB)

Anri het 'n fantastiese Level 3 gala gehad. Medaljes in 9 items wat sy geswem het. 3 goud, 5 silwer en 1 brons.

Minette van Zyl het in die vakansie aan die Level 3 swemkampioenskappe deelgeneem. En haar uitslae is soos volg:
1ste in 100m vryslag
3de in 200 IM
3de in 50 rugslag
3de in 50 vlinderslag









SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# SWEMUITSLAE:

Karli de Beer (gr 8) het op Saterdag, 2 Maart 2024 aan die Level 1 Distriksouderdomsgroepgala deelgeneem.

Haar uitslae is as volg:
100m Borsslag = 2de
100m Vryslag = 3de (pb)
50m Borsslag = 4de (pb)
50m Rugslag = 4de
50m Vryslag = 8ste



# MUSIEK:

Rebecca Nel en Jana du Toit het op Sondag, 24 Maart in 'n konsert, wat deel uitgemaak het van die junior ECWO kursus, (Eastern Cape Wind Orchestra)gespeel.



# TWEEKAMP ATLETE BEHAAL UITSTEKENDE PRESTASIES BY SA-TWEEKAMPKAMPIOENSKAPPE

Die Framesby Tweekamp Atlete het vir die OP-span by die Suid-Afrikaanse Tweekamp Kampioenskappe in Bloemfontein gedurende die skoolvakansie deelgeneem en die volgende uitstekende prestasies behaal:

- Luka Bessinger - S17 - 43ste
- Elsje Bosch - D19 - 31ste
- Milan Bosch - D19 - 33ste
- Tanya Boshoff - D19 - 40ste
- Lienke Els - D17 - 35ste
- Zia Ferreira - D17 - 28ste
- Mari Geissler - D17 - 36ste
- Zané Jubber - D19 - 22ste
- Tiaan Peens - S19 - 40ste
- Christiaan Theron - S/15- 32ste
- Minette van Zyl - D/15 - 18de
- Elmé Vermaak - D17 - 24ste




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# KULTUURUITSLAE:

**Landsdiens Nasionale Leiersberaad**

Matthys Potgieter en Simoné Vermeulen het die beraad in Pietermaritzburg bygewoon.




**Proscenium Individuele Dramakompetisie**

Dino McGear en Milla vd Merwe het deurgedring na die finaal van die Proscenium Dramakompetisie in Kaapstad wat van 9 - 11 Mei by die Kunstekaap Teater gehou word.




# 100 WEDSTRYDE

Die volgende dogters het 100 wedstryde vir die eerste hokkiespan gespeel:

100

Miné Stroebel

Liané Gouws

Robyn Knipe

Chanté Kotzé



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# OP-PLUIMBALSPAN:

Hierby aangeheg die foto's en uitslae van die kinders wat aan die S.A. 0.15 Pluimbalkampioenskappe in Bloemfontein gedurende die skoolvakansie deelgeneem het.

Hulle het 40 wedstryde tydens die Interprovinsiale gedeelte van die toernooi gespeel. Die leerders ontvang gradering in die A-Afdeling van die kampioenskappe:

Seuns
Gesamentlike 10de plek – Tiaan Benade en Kian Janse van Vuuren. Kian Janse van Vuuren word ook as deel van die S.A. National Squad verkies.



# BUITESPORT:

Megan Vorster, Graad 9, het op Donderdag, 21 Maart 2024 aan die Sunshine Coast Arena Eventing by Jacqi Peskens Equestrian in Butterfield Road, Kraggakamma deelgeneem.

Megan het 'n derde plek in die EV55 en 'n eerste plek in die EV65 behaal.




# GROTER KRAGOPWEKKER VIR DIE HELE SKOOL

Framesby het 'n nuwe, groter kragopwekker aangeskaf wat beteken dat alle klasse nou volledig kan voortgaan met onderrrig sonder enige onderbrekings tydens beurtkrag.



# OPGRADERING VAN C-BLOK:

WBHO het ons C-blok opgradeer, Teëls is vervang en ons klasse is oorgeverf. Baie dankie WBHO. Ons klaskamers lyk nou weer spoggerig.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# BUITESPORT

Leolin Pietersen en Simonique Grobler het die naweek van 1 tot 3 Maart aan die SA-Beker, die mees gesogte gimnastiekkompetisie in Suid-Afrika deelgeneem. Gimnaste van reg oor Suid-Afrika het aan hierdie kompetisie deelgeneem.

Hulle het deelgeneem aan Trampolien & Tuimel en het uitstekend gevaar.

Leolin het 3 1ste plekke en Simonique 2 2de plekke verower.

Ons is baie trots op hulle twee.



# BUITESPORT

LJ Campher, Graad 8A , het die naweek aan die Madiba Cup Series 1 in Port Elizabeth deelgeneem.

Hy het die volgende prestasies in gimnastiek behaal:
Madiba Cup series 1

- Double mini , Level Goud 13-14 – 1ste plek .
- Trampolien, Level Goud 13-14 – 1ste plek .



# OUDSKOLIERE NUUS

Oudskoliere: Zanri Black, silwer, 400m hekkies O/20.
Zander van Eyk, goud, 4.80m paalspring O/23



Na die naweek se Nasionale Kamp in Montaqu het ons amptelik bevestiging gekry dat Beate (Streso/du Plessis vd WP-span) haar nasionale kleure verwerf het. Sy is in die SA-Vroue Veldskiet Proteaspan (7 lede) opgeneem, wat oor 2 maande in Namibië aan die internasionale kompetisie gaan deelneem. Trotse oud-Framesbiaan!!





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# ONS GESELS MET: CORNE SCHEEPERS




2022 gematrikuleer

Die bande met my vriende, onderwysers, skoolkultuur en veral sport het my skooldae waardevol gemaak. Die tyd saam met vriende, al die goeie herinneringe en die lekker pouse wanneer ons net as 'n groep saam was, sal my altyd bybly. Daardie rugbydae, wanneer ons die skooltrui aantrek en in die kleedkamer sit terwyl die gees van Framesby-leerders weergalm, was besonders. Die wete dat die hele skool agter ons staan, gee 'n mens selfvertroue. En dan verseker my ouers, wat elke liewe wedstryd langs die veld gestaan het, en die span ondersteun het, bly ‘n hoogtgepunt.

Die adrenalien wanneer jy op die veld hardloop na 'n week se voorbereiding is iets om vir altyd te onthou.

Hierdie herinneringe toon die waarde van gemeenskap en die geleenthede vir persoonlike groei wat ons skool gebied het. Dit is iets wat ek koester en wil voortdra, selfs in die nuwe fase van my lewe.

Ek het die eer gehad om vir die eerstespan van die Nelson Mandela Universiteit (NMU) te speel en was kaptein van die 0.21-span.

Ek is tans in my tweede jaar van my studies en studeer  Onderwys (VOO-fase). Daarnaas is ek ook betrokke

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

by die agtergrondhantering van beeste.

Ek is steeds in 'n verhouding met my hoërskoolliefde, Monique Venter. Ons is reeds vyf jaar saam en ons verhouding bly sterk en gesond.








SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- SELFOONNOMMER:
- E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100

## WORD DEEL VAN 'N HOËRSKOOL VAN UITNEMENDHEID

Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van 'n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy nog in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan 'n bydrae maak!

'n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar 'n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursugtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.

Op Maandag, 7 Augustus 2023 sal daar 'n video aan ons ouers en oudskoliere uitgestuur word wat die hele proses verduidelik. Die video sal ook op ons Youtube-kanaal, webwerf en Facebook-Blad beskikbaar wees. Die debietordervorm sal op ons webtuiste onder die Klub 100/100 "tab" beskikbaar wees.

PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK
1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na rterblanche@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn.

Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# ADVERTEER BY FRAMESBY

Adverteer jou besigheid.
Ons almal kan doen met 'n goeie reklame.

Hoërskool Framesby bied verskillende advertensiespasie vir jou besigheid om meer voete te waarborg. Maak gebruik van hierdie unieke en effektiewe geleentheid om jou besigheid, produk of diens te bemark.

Hoërskool Framesby se 2024-wedstryde sal oorheersend tuis plaasvind dus sal u maatskappy baie blootstelling kry.

Dit sal vir Hoërskool Framesby 'n voorreg wees indien u maatskappy met die topskool in die Oos-Kaap wil assosieer.

Raak deel van ons Framesby-advertensiefamilie.
Kontak Hoërskool Framesby vandag!

Yolandi Fourie
Trustbeampte
fos@framesby.co.za
041 360 1257

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *lede*

## *Oudskolier*

Mornay Heunis
Chris Knoetze *(matriek 1988)*
Rinaldo Loftie-Eaton *(matriek 2000)*
Karen Reyneke *(matriek 1995)*
Keagan Tait
Gerhard Meiring *(matriek 1998)*
*Ernst Stapelberg (matriek 2013)*
Pienaar Agenbag *(matriek 1988)*
Bernard McDonald *(matriek 2016)*
Jacqueline van Heerden *(matriek 1997)*
Louis Gerber *(matriek 1996)*
*Rudi Gerber (matriek 1986)*
*Anelle Bailey (matriek 1994)*
*Ryno Lingerfelder (matriek 1999)*

## *Ouers, Oudouers / Beheerliggaam*

Mariaan Botha (ouer)
Karl du Preez (oudouer)
Anél Ferreira (ouer)
Niel Louw (ouer)
Petra Gouws (ouer)
Wynand Wessels (ouer)
Sonia Gunn (ouer)
Werner Edwin Olivier (ouer)
Masunet Strydom (ouer)
Dirk Kotze (ouer)
Lynette Stumke (ouer)
Hugo Maritz (ouer)
Pietie Ferreira (ouer)
Rayno vd Merwe (ouer)
Eugene de Lange (oudouer)

## *Personeel / Oudpersoneel*

Marius Germishuys *(skoolhoof)*

**Alle lede sal in die derde kwartaal 'n gratis unieke Klub 1000/100 hoed ontvang.**

**Dié versamelstuk kan Saterdae tydens ons sportdae gedra word en beteken dus dat jy gratis toegang sal hê.**

**Die hoedjies sal in Junie afgelewer word.**

Vorms op ons webtuiste beskikbaar!

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *barometer*




Te koop
R110
R90
Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU
Hoërskool Framesby
R50
DIE HANGER
R180
Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU
R150
Framesby
R10

## At OptiSkin …

as our client, you can expect quality, customised treatments with comprehensive solutions focused on your specific skin needs.

## Our Passion …

to help you better understand your skin.

## Our Goal …

to help you achieve optimal skin health with innovative products and technology.

## Our Team …

consists of individuals with experience in pharmaceutics, aesthetics and wellness.

## We offer …

authentic advice that will assist you on your path to healthy skin.

**www.optiskin.co.za**

# For authentic, professional advice, *give us a call today!*



Some of the brands we work with:




OptiSkin
aesthetic skin and laser

Cell | 060 682 9924
Email | info@optiskin.co.za
Address | Shop 53, Sunridge Village Shopping Centre
Visit us online | www.optiskin.co.za